

DIE SUID-AFRIKAANSE VLOOT SE EERSTE FREGAT-ERA, 1944-1985 (2): DIE "PRESIDENT"-KLAS FREGATTE

André Wessels¹

Summary

In this, the second of two articles that deal with the history of frigates in the South African Navy (SAN), the acquisition of three modern Type 12 anti-submarine frigates is discussed, as well as the role these ships, known as the "President" class, played in the SAN. A review is given of the operational roles played by SAS President Kruger, SAS President Steyn and SAS President Pretorius in the years 1962 to 1985; their role in assistance/humanitarian operations, as well as their role as grey diplomats when they visited foreign countries during flag-showing cruises. As was the case in the previous article, the place and role of these frigates are evaluated against the background of the political situation in South Africa, South Africa's changing position in the international arena, as well as the international political context, with special reference to the Cold War, and the strategic importance of the Cape sea route. The article also intends to show why the SAN in fact needs frigates.

1. INLEIDING

In 'n vorige artikel² is die eerste sowat vyftien jaar van fregatdiens in die Suid-Afrikaanse Seemag (SASM) en later Suid-Afrikaanse Vloot (SAV) bespreek en ontleed. Daar is aangetoon dat die SASM kort voor die einde van die Tweede Wêreldoorlog sy eerste fregatte in diens geneem het, naamlik die "Loch"-klas duikbootjagvaartuie **Good Hope**, **Natal** en **Transvaal**. Na afloop van die oorlog is die SASM afgeskaal, maar gelukkig is die fregatte behou en het hulle die ruggraat van die Unie van Suid-Afrika se vredestrydse vlootmag gevorm. Met verloop van tyd is ook ander oorlogskepe bekom, insluitend twee torpedojaers. Vanaf 1 Januarie 1951 het die SASM as die Suid-Afrikaanse Vloot (SAV) bekend gestaan. Danksy die Simonstadse Ooreenkoms, het die SAV vanaf 2 April 1957 oor 'n relatief groot en moderne vlootbasis beskik waar oorlogskepe herstel en selfs omgebou kon

¹ Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

² Kyk A Wessels, "Die Suid-Afrikaanse Vloot se eerste fregat-era, 1944-1985 (1): die Loch-klas en SAS Vrystaat", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 28(3), Desember 2003, pp. 29-43.

word, en van waar diplomatieke vlagvertoonvaarte en humanitêre en ander hulpverleningsvaarte gemaklik onderneem kon word. Ooreenkomstig die Simonstadse Ooreenkoms is ook 'n addisionele fregat, SAS **Vrystaat**, bekom, asook tien kusmynveërs en vyf seeweerbote, oftewel kuspatrollievaartuie.

In hierdie, die tweede van twee artikels oor die SAV se eerste fregat-era, word die laaste diensjare van die "Loch"-klas fregatte en SAS **Vrystaat** beskryf, maar die klem val op die geskiedenis van die drie nuwe "President"-klas fregatte. Die doel is nie slegs om 'n oorsig van hierdie drie laasgenoemde skepe se operasionele aanwending deur die SAV te gee nie, maar om die waarde van fregatte oor die algemeen vir enige vloot, en in besonder vir die SAV, aan te dui en in perspektief te plaas, veral in die lig van die omstredenheid waarin die aankoop van vier nuwe fregatte³ sedert 1998 gehul is. Soos in die eerste deel van hierdie studie, sal ook die geskiedenis van fregatte in die SAV vanaf 1960 deurgaans geëvalueer word teen die agtergrond van die politieke situasie binne Suid-Afrika sowel as die land se veranderende posisie in die internasionale gemeenskap. Die internasionale konteks, in besonder die Koue Oorlog, sal gevolglik ook verdiskonteer word, asook die strategiese waarde van die Kaapse seeroete.

2. DIE AANSKAF VAN NUWE FREGATTE BETEKEN DIE EINDE VAN OUERFREGATTE

Die Simonstadse Ooreenkoms het die grondslag gelê vir die belangrikste dimensie van die SAV se eerste fregat-era, naamlik die aankoop en aanwending van drie Brits-geboude gewysigde Tipe 12-eersteklas duikbootjagfregatte, in die SAV bekend as die "President"-klas.⁴ Na aanleiding van die Simonstadse Ooreenkoms het die SAV reeds in 1957 'n bestelling vir die bou van drie van die genoemde fregatte geplaas - die eerste keer dat die SAV 'n bestelling vir nuwe fregatte sou plaas. Die kiel van SAS **President Kruger** (F150) is op 6 April 1959 by die skeepswerf van Yarrow & Co. Ltd te Scotstoun in Glasgow, Skotland neergelê, die skip is op 20 Oktober 1960 te water gelaat en op 3 Oktober 1962 in diens gestel. SAS **President Steyn** (F147) is op 20 Mei 1960 deur Alexander, Stephen & Sons Ltd te Linthouse in Glasgow neergelê, op 23 November 1961 te water gelaat en op 8 April 1963 in diens gestel. SAS **President Pretorius** (F145) is ook deur Yarrow & Co. Ltd gebou - op 21 November 1961 neergelê, op 28 September 1962 te water

³ Hoewel die vaartuie amptelik as "patrolliekorvette" bekend staan, is hulle veel groter as korvette en word daar dus in hierdie artikel na hulle as fregatte verwys. Die SAV het in elk geval aan hulle F-wimpelnommers toegeken.

⁴ Die geskiedenis van hierdie drie skepe word tans (2004) grondig deur skout-adm. CH Bennett nagevors en te boek gestel. Wat nou in hierdie artikel volg, is dus bloot 'n kort oorsig, en wel binne die konteks van die SAV se eerste fregat-era.

gelaat en op 18 Maart 1964 deur die SAV in diens gestel.⁵ Soos uit die name afgelei kan word, is die skepe vernoem na pres. SJP Kruger (1825-1904) van Transvaal, pres. MT Steyn (1857-1916) van die Vrystaat en pres. MW Pretorius (1819-1901) wat president van die Transvaal en vir 'n ruk lank ook van die Vrystaat was.

Die oorspronklike ses Tipe 12-fregatte, bekend as die "Whitby"-klas, is tussen 1952 en 1958 vir die Royal Navy (RN) gebou. Hulle is gevolg deur nege verbeterde (dog wat vorm en wapentuig betref, basies dieselfde tipe) "Rothesay"-klas gewysigde Tipe 12-fregatte (gebou tussen 1956 en 1961). Die skepe se primêre taak was om (Sowjet-) duikbote op te spoor en te vernietig en die ontwerp is dus gekenmerk deur spoed, maneuvreerbaarheid, goeie werkverrigting in 'n onstuimige see (wat die lewe aan boord relatief gemaklik vir die bemanning gemaak het) en lae geraasvlakke (wat opsporing **deur** duikbote bemoeilik het, maar tegelyk die opsporing **van** duikbote deur die fregatte vergemaklik het). Die unieke ontwerp en vorm van die rompe van die skepe het geblyk besonder suksesvol te wees en is as basis gebruik vir die 26 "Leander"-klas fregatte wat vir die RN gebou is, asook vir Nieu-Seeland (2), Indië (6), Nederland (6) en Chile (2). Verder is ook twee "Whitby/Rothesay"-klas fregatte vir Nieu-Seeland gebou, twee "Whitby"-klas fregatte vir Indië en ses gewysigde skepe (bekend as die "River"-klas) vir Australië.⁶

Suid-Afrika se grootste fregatte was basies dieselfde as die tipe skepe in die RN se diens, hoewel enkele wysigings aangebring is om aan die SAV se behoeftes te voldoen. Die skepe was 112,8 m lank, 12,5 m breed en het 'n diepgang van 5,33 m gehad; standaardverplasing 2170 ton, volragverplasing 2605 ton; snelheid 30 knope; reikafstand 4500 seemyl teen 12 knope; bemanning: veertien offisiere en 200 ander matrose. Vir duikbootjagdoeleindes is drie tipes ultra-moderne sonar gemonteer. Vir die vernietiging van duikbote is twee drieloop-Limbo Mk 10 anti-duikbootmortiere op die agterdek gemonteer. Die Limbo's het op dieselfde beginsel as die Squids (wat op die "Loch"-klas en die **Vrystaat** gemonteer is) gewerk, maar die mortierbomme wat deur die Limbo's afgevuur is, kon oor 'n veel groter afstand gewerp word, en ook in enige rigting, terwyl die Squids slegs vorentoe kon afvuur. Wat kanonne betref, het die "President"-klas 'n dubbelloop-Vickers 114 mm (4,5-

⁵ A du Toit, **South Africa's fighting ships past and present** (Rivonia, 1992), pp. 220, 239. Dit is interessant om daarop te let dat die naam **President Kruger** aanvanklik aan F147 toegeken is, maar toe daar 'n verdrag was ten opsigte van die bou van F147 en dit geblyk het dat F150 inderdaad eerste te water gelaat sou word, is die name omgeruil. Dit blyk verder dat bronne wat aandui dat daar beplan is om ook 'n vierde fregat te bekom, foutief is; trouens, as dit nie was dat die kansellasiekoste baie hoog was nie, bestaan die moontlikheid dat **President Pretorius** nie gebou sou word nie, as gevolg van die eskalerende konstruksiekoste. Inligting verskaf deur skout-adm. CH Bennett.

⁶ **Ibid.**, pp. 220-2; J Moore (red.), **Jane's fighting ships 1978-79** (Londen, 1978), pp. 41, 91, 225-6, 344, 349-50, 576, 578, 580.

duim) Mk VI Mod 1 op die voordek gehad en 'n dubbelloop-Bofors 40 mm Mk V op die agterdek - laasgenoemde in die plek van 'n viervoud Seacat-lugafweermissielstelsel wat op die Britse en ander Tipe 12-fregatte gemonteer is. Die skepe is ontwerp om in geval van operasies in gebiede waar daar kernafval was (met ander woorde waar die atmosfeer deur die aktivering van kernbomme of -missiele besoedel is), deur 'n spuitstelsel van buite skoongespuite te word, terwyl groot dele van die binneruimtes geheel en al afgesluit kon word ten einde die bemanning teen radio-aktiwiteit te beskerm.⁷

Terwyl die SAV die aankoms van hul eerste na-oorlogse fregatte afgewag het, moes die Vloot se belangrikste werk deur die ou Tweede Wêreldoorlog-strydrosse voortgesit word. In Februarie 1960 het SAS **Good Hope** alle Burgermagbasisse vanaf Walvisbaai tot by Durban besoek ten einde aan Burgermagdele die geleentheid te bied om opleiding ter see te ondergaan.⁸ In Februarie 1961 is weer eens 'n "Shop Window"-oefening langs die Kaapse kus gehou, waaraan onder meer die **Vrystaat** en die vliegdekskip HMS **Victorius** plus twee RN-fregatte deelgeneem het. Verder het SAS **Good Hope** en **Transvaal** aan die begin van die sestigerjare gereeld patrollievaarte langs die kus van Suidwes-Afrika (destyds nog onder Suid-Afrika se beheer; vandag Namibië) onderneem ten einde dié gebied se visbronne te beskerm.⁹

Vir oulaas het die ouer fregatte ook nog 'n aantal vlagvertoonvaarte onderneem, waarvan die belangrikste SAS **Vrystaat** se besoek aan Portugal was om deel te neem aan die vlootrevue op 7 Augustus 1960 ter herdenking van die dood van Prins Hendrik die Seevaarder 500 jaar tevore. Tydens die heen- en terugvaart is talle ander hawens ook besoek.¹⁰ Teen die middel van 1961 het die **Vrystaat** vir oulaas 'n besoek aan Lourenço Marques gebring. Afgesien van die besoek van die **Good Hope** aan talle Suid-Afrikaanse hawens aan die begin van 1960 (waarna reeds verwys is), het SAS **Vrystaat** aan die Uniefees van 1960 (om die ontstaan van die Unie van Suid-Afrika 50 jaar tevore op 31 Mei 1910 te herdenk) deelgeneem deur saam met 'n Britse kruiser en twee Portugese fregatte in Kaapstad vasgemeer te wees vir die duur van die herdenking.¹¹

⁷ Du Toit, pp. 220-1, 238. Kyk deurgaans ook Suid-Afrikaanse Vlootmuseum (Simonstad; hierna verwys as SA Vlootmuseum), SAS **President Kruger**, SAS **President Steyn** en SAS **President Pretorius** (lêers): verskeie dokumente.

⁸ **Vlootnuus** 2(1), 1983, p. 9.

⁹ Du Toit, pp. 165, 177.

¹⁰ Dokumentasiediens van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, Chief of Staff, 273: Operations, movements, docking and refits - visit to Portugal, 500th anniversary, death of Prince Henry the Navigator, August 1960; SA Vlootmuseum: foto-album van SAS **Vrystaat** se besoek aan Portugal; JC Goosen (samesteller), **Ons vloot: die eerste vyftig jaar** (Kaapstad, 1973), p. 196; inligting verskaf deur kdr. WM Bisset; Du Toit, p. 202; **The Cape Argus**, 10 September 1960, p. 10.

¹¹ **Die Burger**, 26 Mei 1960, p. 7 en 27 Mei 1960, p. 3; **The Cape Argus**, 28 Mei 1960, p. 7.

Wat humanitêre werk betref, het die **Transvaal** in Januarie 1962 'n span lede van die Royal Society op besoek na Tristan da Cunha geneem, waar 'n aardskudding en vulkaniese uitbarsting (in Oktober 1961) die ontruiming van Edinburgh ("The Settlement") genoodsaak het. Die taakspan moes vasstel of die bevolking van sowat 260 mense weer met veiligheid na hul afgeleë blyplek kon terugkeer; iets wat inderdaad vanaf April 1963 gebeur het.¹² Op 30 September 1963 het die **Transvaal** 'n soek-en-redding-posisie 50° Suid / 18° Oos ingeneem tydens die Verenigde State van Amerika (VSA) se eerste vlug oor die suidpool. Een van die vreemdste take wat ooit deur 'n SAV-fregat uitgevoer is, was die gevolg van 'n versoek deur burgemeesters van dorpe aan die laer Natalse suidkus dat die Vloot hul moes help in die bestryding van die haaie wat dié gebied se toerismebedryf skade berokken het. Die SAV het inderdaad positief op die versoek gereageer en die **Vrystaat** gestuur om die "vyand" met Squid-dieptebomme te peper - sonder veel sukses.¹³

Intussen het die eerste van die nuwe "President"-klas fregatte in Suid-Afrika aangekom. Nadat SAS **President Kruger** ("PK") op 3 Oktober 1962 in diens gestel is (met kapt. MR Terry-Lloyd as eerste bevelvoerder) het die skip na Portsmouth gevaar vir finale toetse. Daarna is na Portland gevaar vir finale voorbereidings en see-oefeninge. Dit was tydens een van hierdie kort vaarte vanaf Portland dat "PK" tot die hulp van die 1 995-ton Noorweegse vragskip **Johan Collet** gesnel het waar die vaartuig noordwes van St. Peter Port (op die eiland Guernsey) in die moeilikheid beland het toe die vraag aan boord van die skip geskuif het. Die "PK" het met 'n soeklig die St. Peter Port-reddingsboot gehelp om die bemanning te red. (Die vragskip is deur 'n Franse sleepboot op sleeptou geneem, maar het onderweg na Cherbourg gesink.) Op 27 Februarie 1963 het die fregat sy afleweringvaart vanaf Portsmouth aangepak. Onderweg na Suid-Afrika is by Lissabon, Gibraltar, Las Palmas, Luanda en Saldanhaabaai aangedoen – aankoms in Simonstad: 28 Maart 1963.¹⁴

Die begin van die lewe van een nuwe fregat in die SAV het die begin van die einde van 'n ander een ingelui. In die loop van 1963 is SAS **Vrystaat** aan diens onttrek en in reserwe geplaas, enersyds omdat die aankoms van die moderne en veel meer ekonomiese en beter bewapende "PK" die ou fregat totaal in die skadu gestel het, maar andersyds omdat die **Vrystaat** se romp korrosieprobleme begin ontwikkel het. Hoewel die skip weer (met moeite) in diens gestel sou kon word indien omstandighede dit sou noodsaak, het dit nooit gebeur nie. Op 14 April 1976 is die

¹² Du Toit, p. 165; PJF Wheeler, "Tristan da Cunha: death of an island", **National Geographic Magazine** 121(5), Mei 1962, pp. 678-95; JP Blair, "Home to lonely Tristan da Cunha", **National Geographic Magazine** 125(1), Januarie 1964, pp. 59-81.

¹³ Goosen (samesteller), p. 194; Du Toit, pp. 202-3.

¹⁴ Du Toit, p. 222; Dokumentasiediens van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag. Dokumentegroep 5: logboek - SAS **President Kruger**.

skip deur SAS **President Steyn** tot sowat agt seemyl suidwes van Kaappunt gesleep en vervolgens met behulp van 'n torpedo wat deur die duikboot SAS **Maria van Riebeeck** (in 1999 herdoop tot SAS **Spear**) afgevuur is, as teiken gekelder. In daardie stadium het die SAV probleme met hul torpedo's ondervind en 'n span Franse tegnisi is na Suid-Afrika ontbied om die probleme uit te stryk. Die eerste geleentheid om 'n herstelde torpedo te toets, was 14 April 1976, en toe dié betrokke torpedo die **Vrystaat** tref en ontplof, het **Maria van Riebeeck** 'n sein bestaande uit een woord aan Vloothoofkwartier en aan die duikbootbasis gestuur: "VRYSTAAAAAT" - nie uit vreugde omdat die fregat **Vrystaat** gekelder is nie, maar omdat dit geblyk het dat die duikboottorpedo's weer behoorlik gefunksioneer het.¹⁵

Terwyl SAS **President Steyn** ("PS") in 'n droogdok in Glasgow uitgerus is, het 'n ernstige brand aan boord van die skip uitgebreek, wat amper tot die dood van twaalf vasgekeerde werkers gelei het. Nadat die skip op 8 April 1963 onder bevel van kapt. J Fairbairn in diens gestel is, is ook na Portsmouth (vir toetse) en vervolgens na Portland (vir see-oefeninge) gevaar. Die vaart na Suid-Afrika (via Lissabon, Gibraltar, Las Palmas, Luanda en Saldanhabaai) is op 17 Augustus 1963 aangepak, met die aankoms in Simonstad op 13 September. Die laaste nuwe fregat, SAS **President Pretorius** ("PP"), is op 18 Maart 1964 onder bevel van kapt. J Johnson in diens gestel, waarna dieselfde hawens as "PK" en "PP" vir toetse en see-oefeninge besoek is, en ook by dieselfde hawens onderweg na Suid-Afrika aangedoen is om die Republiek van Suid-Afrika (RSA) se vlag te vertoon. Die skip het op 29 Augustus 1964 vanuit Portsmouth vertrek, maar die eindbestemming was voorlopig nie Simonstad nie, maar wel Kaapstad (26 September), waar 'n omvangryke en skouspelagtige lug- en seeskou ("Operation Flamingo Dance") die aankoms van "PP" gevier het. Ongeveer 50 SALM-vliegtuie en -helikopters het deelgeneem en die fregatte SAS **President Steyn**, **President Kruger** en **Good Hope**, torpedojaer SAS **Simon van der Stel**, twee mynveërs en 'n patrollieboot het "PP" Tafelbaai binnegelei.¹⁶

In Desember 1963 het die nuwe fregatte SAS **President Steyn** en **President Kruger**, saam met die ou fregat SAS **Transvaal**, die opleidingskip (voormalige diepsee-mynveër) SAS **Pietermaritzburg** en die RN-fregat HMS **Jaguar** vanaf Simonstad na Durban gevaar en onderweg lesings van die seewater geneem ten einde nuwe watertemperatuurkaarte van die Suid-Afrikaanse suid- en ooskus te laat opstel. Tydens die terugvaart het die **Transvaal** se skroef-as gebreek en nood-

¹⁵ Du Toit, pp. 203-4; inligting verskaf deur skout-adm. CH Bennett.

¹⁶ Dokumentasiediens van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, Dokumentegroep 5: logboeke - SAS **President Steyn** en SAS **President Pretorius**; Du Toit, pp. 223-4, 226; **Suid-Afrikaanse Panorama** 9(11), November 1964, p. 39; **Kommando** 15(11), November 1964, pp. 10-1; **Die Burger**, 28 September 1964, pp. 1, 3, 10, 11.

herstelwerk moes ter see gedoen word. Die volgende jaar het die **Good Hope** die RSA se eerste staatspresident, CR Swart, na Oos-London geneem waar die vryheid van dié stad seremonieel aan die SAV toegeken is.¹⁷

Bogenoemde vaarte waaraan die genoemde twee "Loch"-klas fregatte deelgeneem het, was aan die einde van hul operasionele loopbane. SAS **Transvaal** is op 14 Augustus 1964 aan diens onttrek en in reserwe geplaas, en dieselfde het in September 1965 met die **Good Hope** gebeur. Die vaartuie is nooit weer in diens gestel nie en het jare lank buite die vlootbasis in Simonsbaai aan boeie vasgemaak gelê en verweer. In 1977 is die skepe (of dit wat van die gestroopte rompe en bowerke oor was) vir R6 500 aan die Kaapse skrootmetaalhandelaar, mnr. Carlos Santos van B & M/CDS Metals, verkoop. Nadat die skepe verder van wat nog waardevol was, gestroop is, het die eienaar die skepe aan die False Bay Conservation Society geskenk, wat besluit het om die skepe in Smitswinkelbaai, naby Kaappunt, te kelder, sodat hulle kunsmatige riwwe vir visse kon vorm. Só is die **Good Hope** dan op 12 Junie 1978 gekelder en die **Transvaal** naby hom op 3 Augustus 1978.¹⁸ Dit is jammer dat nie een of beide hierdie skepe (en/of die **Vrystaat**) gerestoureer en as (n) museum(s) bewaar kon word nie, soos wat die geval was met HMS **Cavalier** te Chatham en USS **Cassin Young** te Boston - om maar twee van talle voorbeelde te noem.¹⁹

3. DIE "PRESIDENT"-KLAS FREGATTE IN DIENS VAN DIE VLOOT EN SUID-AFRIKA

Teen die tyd dat die drie nuwe "President"-klas fregatte in diens van die SAV was, en die Vloot dus sy taak om die Kaapse Seeroete in belang van die Weste te beskerm beter as ooit tevore kon uitvoer, was die Weste stadig maar seker besig om sy verhoudinge met die RSA in heroerwering te neem. Aan die begin van die sestigerjare was die Koue Oorlog op sy koudste en was die wêreld as gevolg van die bou van die Berlynse Muur (1961) en die Kubaanse missielkrisis (1962) by ten minste twee geleenthede baie naby aan 'n katastrofiese konflik. Om sake te kompliseer, het sewentien Europese kolonies in Afrika in 1960 onafhanklikheid verkry (en nog 'n hele aantal in die dekadestig) en het dié kontinent weldra die nuutste slagveld van die Koue Oorlog geword. Ten einde die steun van die nuwe state in Afrika te behou of te bekom, moes Westerse lande (en in besonder NAVO-

¹⁷ Argief vir Eietydse Aangeleenthede (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein), **CR Swart-versameling** (PV18), Bylae A, Plakboek 25, pp. 200-3 en Plakboek 26, pp. 23-9 (verskeie koerantknipsels).

¹⁸ Du Toit, pp. 165-7.

¹⁹ Vir die name en besonderhede van duikbote, oorlogsskepe en ander vaartuie wat wêreldwyd as museums in stand gehou word, kyk bv. NJ Brouwer, **International register of historic ships** (2^{de} uitgawe, Oswestry, 1993).

lidstate) al meer diplomatieke en ekonomiese druk op die blanke regering in Suid-Afrika uitoefen ten einde die beleid van apartheid te probeer wysig.

Toestande in die RSA was klaarblyklik ook aan't versleg - veral ná afloop van die onluste te Sharpeville (21 Maart 1960) en ander swart woongebiede, die verbanning van die African National Congress en die Pan-Africanist Congress (8 April 1960), en die militêre vleuels van laasgenoemde organisasies se terreurveldtog, wat momentum gekry het vanaf 1961. Geleidelik is die RSA internasionaal geïsoleer, veral ook op militêre gebied, wat die aankoop van wapentuig (veral oorlogskepe) bemoeilik het. Min mense sou in 1964 kon droom dat nadat SAS **President Pretorius** op luisterryke wyse in RSA-gebiedswater verwelkom is, bykans 40 jaar sou verloop alvorens die SAV weer 'n nuwe fregat se aankoms sou kon vier.

Op 31 Mei 1961 het Suid-Afrika 'n republiek geword, en wel **buite** die Britse Statebond. Dít op sigself het nie die Simonstadse Ooreenkoms of die tradisioneel sterk bande tussen die SAV en die RN nadelig beïnvloed nie, maar toe die Arbeidersparty in 1964 in Brittanje aan bewind kom, het hulle besluit om geen **nuwe** wapentuig aan die RSA te verskaf nie. Aangesien SAV-skepe nie langer van hawe- en aanvullingsgeriewe in die meeste Afrika-state gebruik kon maak nie, het die SAV besluit om 'n aanvullingskip aan te skaf, wat die reikafstand van die Vloot se fregatte en torpedojaers sou vergroot. Op 10 Augustus 1967 is die olietenskip **Annam**, wat in 1957/8 in Denemarke gebou is, as SAS **Tafelberg** in diens gestel.²⁰

Die SAV, soos ook die ander Weermagsdele, was al hoe meer op hulself aangewese. Die SAV moes dus, waar nodig, improviseer, terwyl die groeiende wapenboikot die land genoodsaak het om 'n eie wapenbedryf op die been te bring. Teen die tyd dat SAS **President Steyn** in diens gestel is, het die RN reeds die eerste van sy nuwe "Leander"-klas fregatte in diens gestel – skepe wat elk met 'n helikopterloods en Westland Wasp HAS Mk 1-helikopter toegerus is, naas 'n enkele Limbo-mortierwerper; trouens, SAS **President Steyn** en HMS **Leander** was saam in die Britse vlootbasis te Portsmouth voordat eersgenoemde sy afleweringvaart na Simonstad aangepak het. Die helikopter aan boord van die Britse fregatte het die duikbootjagvermoë van die skepe aansienlik verbeter. In 1962-66 het die SAV gevolglik sy torpedojaers, SAS **Simon van der Stel** en **Jan van Riebeeck**, in Wasp-helikopterdraende duikbootjagvaartuie omskep.²¹ Hoewel hulle in meer as een opsig van toe af eerder fregatte as torpedojaers was, is hul klassifikasie nie verander nie - gevolglik word hulle dan ook nie verder in hierdie studie bespreek nie.

²⁰ Du Toit, pp. 175, 240.

²¹ Kyk **ibid.**, pp. 196-7 vir meer inligting in verband met die omskepping van die twee skepe en hul verdere rol in die SAV.

In die jare 1966-72 het die RN hul nege "Rothesay"-klas fregatte in helikopter-draende vaartuie omskep en die SAV het nie op hom laat wag om min of meer dieselfde veranderinge aan sy "President"-klas skepe aan te bring nie. Die omskepping het onder meer behels dat die dubbelloop-40 mm kanon en een van die Limbo-mortiere op die agterdek verwyder is en in die plek daarvan is 'n helikopter-landingsplatform en helikopterloods (vir 'n Westland Wasp HAS Mk 1) aangebring, asook twee enkelloop-40 mm Bofors Mk 9-kanonne bo-op die helikopterloods, en twee drie-buis-Mk 32-torpedolanseerders (vir die afvuur van 324 mm Mk 44 teenduikboottorpedo's), op die hoofdek. Verdere verbeterings was onder meer twee nuwe maste, nuwe radartoerusting en vier 12,7 mm masjiengewere. "PK" was die eerste om gemoderniseer te word (29 Januarie 1968 - 5 Augustus 1969); daarna "PS" (5 Augustus 1969 - 11 Mei 1971) en uiteindelik "PP" (1973 - 12 Julie 1977). Laasgenoemde se modernisasie was meer omvangryk as dié van sy twee susterskepe, veral wat tegniese verbeteringe betref. Die grootste verskil was "PP" se verbeterde brandstofstelsel: soos wat brandstof verbruik is, is dit met seewater in die brandstofstelsel vervang om sodoende beter stabiliteit te verseker. "PP" het sedertdien ook 'n duurder tipe diesel ("ligte olie") in die plek van "furnace fuel oil" ("swaar olie") gebruik. Uiterlik was "PP" se maste en vuurbeheerstelsel ooglopend anders as dié van sy susterskepe. Die omskeppings het die skepe ietwat swaarder gemaak, want sedertdien het hulle 'n standaardverplasing van 2380 ton en 'n volvragverplasing van 2800 ton gehad; en die bemanning is vergroot na 18 offisiere en 218 ander matrose.²²

Voor en ná die modernisasieproses het die "President"-klas vir sowat twintig jaar lank die werkesels van die SAV gebly. Wat patrolleringswerk betref, is gereelde vaarte langs sowel die oos- as weskus onderneem, soms tot so ver noord as die verre noordkus van die destydse Suidwes-Afrika. So byvoorbeeld het SAS **President Kruger** in 1966 tydens 'n tweeweek-lange vaart langs die weskus, op buitelandse vissersbote afgekóm wat onwettig in Suid-Afrikaanse gebiedswater vis gevang het. Dié bote is noordwaarts al langs die Suidwes-Afrika-kus tot by die Kunene-rivier agtervolg.²³

Die eerste noemenswaardige vlootoefening waaraan "PK" deelgeneem het, was CAPEX63, waarvan ook die **Good Hope**, **Transvaal** en **Pietermaritzburg** deel was, plus 'n Franse fregat en twee fregatte en 'n duikboot van die RN. Met verloop van tyd is die "Cape Exercises" deur "South African Naval Exercises" (SANEXs) vervang - byvoorbeeld aan SANEX69 het SAS **President Pretorius**, **Simon van der Stel** en **Tafelberg** en sewe eenhede van die RN deelgeneem. In Julie 1973 het

²² Du Toit, pp. 226-7, 239; inligting verskaf deur skout-adm. CH Bennett.

²³ **Simon's Town Historical Society Bulletin** 19(2), Julie 1996, p. 75.

"PK" en "PS" saam met 'n Britse kruiser, drie fregatte, die kernduikboot HMS **Dreadnought** en twee aanvullingskepe aan 'n oefening deelgeneem - die eerste keer dat 'n kernaangedrewe duikboot Suid-Afrika besoek het.²⁴

In die vroeë oggendure van 3 Oktober 1973 het 'n brand aan boord van die "PK" uitbreek waar die skip in Simonstad vasgemeer was. Ná vier uur is die brand geblus. Ernstige skade is aangerig en heelwat herstelwerk aan byvoorbeeld die bedrading moes aangebring word, maar in 1974 kon die skip aan maneuvres saam met die Franse helikopterdraer **Jeanne d'Arc** en torpedojaer **Forbin** deelneem. Aan die einde van Augustus 1974 het 'n RN-taakmag bestaande uit nege skepe Suid-Afrika besoek om saam met "PK", "PS", die duikboot SAS **Emily Hobhouse** (in 1999 herdoop tot SAS **Umkhonto**) en die **Tafelberg** aan maneuvres deel te neem. "PK" het die Britse taakmag tot naby Las Palmas (op die Spaanse Kanariese Eilande) vergesel, en toe dié hawe besoek, totdat die volgende RN-taakmag wat die Kaap sou besoek (bestaande uit die kernduikboot HMS **Warspite**, 'n kruiser, ses fregatte en drie aanvullingskepe - die sterkste vredestrydse Britse taakmag tot nog toe in Suid-Afrikaanse waters) daar verbygevaar het, en "PK" by hulle aangesluit het. Dít was die laaste keer in sowat twintig jaar dat eenhede van die SAV en die RN aan gesamentlike oefeninge deelgeneem het, want James Callaghan se Arbeidersparty het kort tevore in Brittanje aan bewind gekom en vlootkontak met die RSA verbreek; trouens, op 16 Junie 1975 is selfs die Simonstadse Ooreenkoms herroep.²⁵

Groeiende internasionale isolasie vanaf die begin van die sestigerjare het beteken dat die SAV nuwe vlagvertoonmoontlikhede ondersoek het. In Oktober-November 1967 het SAS **President Pretorius**, **President Kruger** en **Tafelberg** 'n hoogs suksesvolle besoek aan Argentinië gebring, in Oktober-Desember 1968 het "PP", "PS" en **Tafelberg** Australië besoek, en in Oktober-November 1969 het SAS **President Pretorius**, 'n torpedojaer en drie mynveërs drie hawens in Angola besoek. Die aankoop van drie "Daphné"-klas patrollieduikbote van Frankryk het aan die SAV die geleentheid gebied om die RSA-vlag in talle hawens te vertoon. "PK" het in Januarie-Mei 1971 na Europa gevaar om die eerste nuwe duikboot na Suid-Afrika geleide te doen en het by tien hawens aangedoen; en "PS" het die tweede duikboot (September-Desember 1971; besoek tien hawens) sowel as die derde duikboot (April-Junie 1972; besoek sewe hawens) gaan haal. In Maart-April

²⁴ **Paratus** 44(9), September 1993, p. 35; **Vlootnuus** 12, 1993, p. 7; Du Toit, pp. 186, 224, 229-30.

²⁵ Du Toit, p. 230; TD Potgieter, "Maritime defence and the South African Navy to the cancellation of the Simon's Town Agreement", **Scientia Militaria** 30(2), 2000, pp. 176-7.

1973 het "PK", "PS" en die duikboot SAS **Johanna van der Merwe** (in 1999 herdoop tot SAS **Assegaai**) Lourenço Marques besoek.²⁶

Laasgenoemde was die laaste SAV-besoek aan 'n Portugese kolonie voordat Mosambiek (25 Junie 1975) en Angola (11 November 1975) onafhanklik geword het. Met pro-kommunistiese regerings aan bewind in genoemde lande, was SAV-skepe uiteraard nie meer daar welkom nie. Die RSA, wat reeds sedert Augustus 1966 in 'n teen-guerrillastryd in die noorde van Suidwes-Afrika betrokke was, het militêr in Angola betrokke geraak deurdat steun aan die anti-MPLA-magte verskaf is. In November 1975 het eers "PK", en later ook "PS" en die **Tafelberg** na die Angolese kus gevaar om steun aan die Suid-Afrikaanse grond- en lugmagte te verleen. Twee SAV-duikbote, asook 'n aantal ander vaartuie, was by geleentheid betrokke by die SAV se rol in die konflik in Angola.²⁷

In Junie-Augustus 1976 het SAS **President Kruger** die eerste (en tot dusver enigste) SAV-fregat geword om die VSA te besoek, by geleentheid van die herdenking van dié land se 200ste jaar van onafhanklikheid.²⁸ Hoewel niemand dit in daardie stadium verseker kon geweet het nie, was dit die heel laaste vlagvertoonbesoek deur 'n Suid-Afrikaanse fregat, wat meer as 30 jaar van sulke besoeke tydens die eerste fregat-era afgesluit het - eers byna 30 jaar later sou die SAV weer vlagvertoonreise deur fregatte kon ondemeem. Terwyl "PK" oorsee was, het opstande te Soweto en elders uitgebreek en op 4 November 1977 het die Verenigde Nasies (VN) 'n verpligte wapenverbod teen die RSA ingestel, iets wat die SAV in besonder nadelig geraak het (in die slotafdeling word meer hieroor berig). Sedertdien het die SAV al hoe meer op die beveiliging van die RSA se hawens en kusgebiede gekonsentreer.

Besoeke aan Suid-Afrikaanse hawens en humanitêre en ander ondersteuningstake het verseker dat die Suid-Afrikaanse publiek van tyd tot tyd daaraan herinner is dat daar steeds 'n vloot was wat hul belange op die hart gedra het. Nadat 'n brand op 26 Junie 1966 'n gebou waarin radiooerusting op Marion-eiland gehou is, in puin gelê het, is "PK" met boumateriaal en nuwe radiooerusting na dié eiland gestuur. Toe

²⁶ Dokumentasiediens van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, Dokumentegroep 5: logboeke - SAS **President Kruger**, SAS **President Steyn**, SAS **Emily Hobhouse**, SAS **Johanna van der Merwe** en SAS **Tafelberg**; inligting verskaf deur kdoor. DK Kinhead-Weekes en kapt. RC Coussens; Du Toit, pp. 226-8, 240-3, 271-2; SA Vlootmuseum: Report of proceedings, visit to Australia, period 7th October to 3rd December, 1968.

²⁷ Du Toit, pp. 230-2; FJ du T Spies, **Operasie Savannah: Angola 1975-1976** (Pretoria, 1989), pp. 141-2, 147, 168, 174-6, 297. Die rol wat die SAV ten opsigte van die stryd in Angola gespeel het, moet nog eendag behoorlik nagevors en beskryf word. Weens die sensitiwiteit van die onderwerp en die gebrek aan ongeklassifiseerde bronne in dié verband, word nie in hierdie studie verder op dié onderwerp uitgebrei nie.

²⁸ Du Toit, p. 232; inligting verskaf deur skout-adm. PA Wijnberg.

die RSA se tiende bestaansjaar in Mei 1971 in Kaapstad herdenk is, het "PK" en "PS" saam met drie ander vlootvaartuie in Tafelbaai aan 'n skyngeweg met SALM-vliegtuie deelgeneem. Fregatte het Durban ook periodiek besoek, byvoorbeeld "PK" in November 1972 en Mei 1974, "PS" in Augustus 1973 en Junie 1975, "PP" in Julie 1979 en Julie 1980; en in April 1976 het "PK" deelgeneem aan die amptelike opening van die nuwe hawe te Richardsbaai.²⁹

Aangesien die SAV in die laat-sewentigs naas nuwe missiel-draende aanvalsvaartuie (van Israel) ook twee korvette (van Frankryk) sou ontvang, is "PK" en "PS" in 1977 in reserwe geplaas en was "PP" nou die enigste operasionele fregat; trouens, daar is in 'n stadium oorweeg om al drie "President"-klas fregatte te verkoop. Toe die verpligte wapenboikot daartoe lei dat die korvette nie afgelewer is nie, is eers "PS" (1978) en toe "PK" (1980) weer in diens gestel. Tydens laasgenoemde seremonie op 15 Augustus 1980, het die destydse SAV-hoof, vise-adm. RA Edwards, dit duidelik gestel dat die fregat-era in die SAV bykans iets van die verlede was. Die **President Steyn** is gevolglik op 1 Augustus 1980 aan diens onttrek, vir 'n kort periode as akkommodasieskip vir die mynteenmaatreël-flottielje gebruik, en toe van alle bruikbare toerusting gestroop ten einde sy twee susterskepe nog so lank as moontlik in diens te hou.³⁰

In die laaste week van Mei en op 1 Junie 1981 is die RSA se twintigste bestaansjaar in Durban herdenk. Op 29 Mei het "PK" en "PP" saam met twee aanvalsvaartuie en 'n mynveër buite die Durbanse hawe aan 'n skyngeweg met SALM-vliegtuie deelgeneem, en manoeuvres is ook saam met die twee besoekende Taiwanese torpedojaers en 'n ondersteuningskip uitgevoer. Kort daarna het "PK" en **Tafelberg** 'n operasionele vaart verby die eiland La Réunion, aan die ooskus van Madagaskar, verby die Cosmoledo-eilande (noord van Madagaskar) en tot naby die Comoro-eilande onderneem. Naby laasgenoemde het "PP" by hulle aangesluit en daar is toe noordwaarts tot naby Zanzibar en die Tanzaniese kus gevaar en vervolgens huiswaarts al langs die ooskus van Afrika. Naby Beira het 'n aanvalsvaartuig by die taakmag aangesluit. Hierdie sukses is gevolg deur die grootste tragedie tot nog toe in die SAV se geskiedenis toe SAS **President Kruger** tydens vlootmanoeuvres met "PP", 'n duikboot en die **Tafelberg** in 'n botsing met laasgenoemde betrokke was en om 05h29 op 18 Februarie 1982, 78 seemyl suidwes van Kaappunt gesink het, met die verlies van sestien lewens (177 bemanningslede is gered). Die besonderhede van die ondersoek wat gevolg het, is nie vir die doeleindes van hierdie studie van

²⁹ SA Vlootmuseum, SAS **President Steyn** (lêer): verskeie koerantknipsels en ander dokumente; Du Toit, pp. 230, 232; **Standard Encyclopaedia of Southern Africa** 7 (Kaapstad, 1972), p. 208; **Paratus** 23(6), 5 Junie 1971, pp. 20-3.

³⁰ Du Toit, pp. 232-4; **The Cape Times**, 18 Augustus 1980, p. 8.

belang nie. Voortaan het die SAV slegs een operasionele fregat oorgehad, en hoewel oorweeg is om "PS" weer op te knap, het dít nooit gebeur nie.³¹

In Desember 1982 het SAS **President Pretorius** 'n beseerde lid van die weerspan op Marion-eiland gaan haal. In 1984 het "PP" saam met 'n duikboot en vyf aanvalsvaartuie aan vlootmaneuvers deelgeneem, en in 1985 het hy saam met 'n duikboot, drie aanvalsvaartuie, twee mynteenmaatreëlvaartuie en die **Tafelberg** 'n operasionele vaart vanaf Simonstad na Hermanus, Port Elizabeth, Oos-London, Durban en terug na Simonstad onderneem. Die heel laaste keer toe 'n SAV-fregat aan maneuvers met oorlogskepe van buitelandse moondhede deelgeneem het, was toe "PP" in Julie 1985 saam met twee besoekende Taiwanese torpedojaers en 'n ondersteuningsvaartuig geoefen het. Ná afloop van hierdie maneuvers en die gepaardgaande afskeidsvaart langs die ooskus, met besoeke aan Durban en Port Elizabeth, het SAS **President Pretorius** Simonstad die laaste keer op 26 Julie 1985 binnegevaar. Hoewel die fregat nog in 'n goeie toestand was, het 'n gebrek aan fondse en 'n tekort aan bemanningslede die Vloot genoodsaak om die skip aan diens te onttrek.³² Dit was die einde van die eerste fregat-era.

4. SLOTPERSPEKTIEF

Voorlopig het die **President Pretorius** en **President Steyn** in Simonstad vasgemeer gebly. Planne is uitgewerk om beide die skepe geheel en al te herbou en met twee 76 mm kanonne, Skerpioen-missiele en twee Puma-helikopters toe te rus, maar 'n gebrek aan fondse het die planne gekelder. Die geroeste romp van "PS" is gevolglik op 29 April 1991 tot sowat 60 seemyl suidwes van Kaappunt gesleep en in 'n oefening met behulp van missiele en die kanonvuur van aanvalsvaartuie gekelder.³³ Op 18 Desember 1992 is bekend gemaak dat "PP" vir R92 000 aan 'n Kaapstadse skroottysterhandelaar verkoop is.³⁴ Vervolgens is die skip blykbaar na Alang-strand in Indië gesleep, waar dit afgetakel en die staal as skroot verkoop is.

Die SAV se pogings om sedert 1985 nuwe fregatte te bekom, val buite die bestek van hierdie studie en dus word nie daarop ingegaan nie.³⁵ Wat pogings om addisionele fregatte tot en met 1985 te bekom, betref, word volstaan deur daarop te wys dat in die laat-sestigs die SAV graag twee of meer "Leander"-klas fregatte wou bekom, maar dat die Britse Arbeidersparty-regering se wapenboikot dit onmoontlik gemaak het. Die moontlikheid om soortgelyke skepe van Nederland te bekom, is

³¹ Du Toit, pp. 234-7.

³² **Vlootnuus** 3(4), 1982, p. 12, 3(12), 1984, p. 15 en 4(3), 1985, p. 17; Du Toit, p. 237.

³³ Du Toit, pp. 237-8; **Die Volksblad**, 30 April 1991, p. 2.

³⁴ **The Cape Times**, 19 Desember 1992, p. 2; **Die Burger**, 19 Desember 1992, p. 13.

³⁵ Vir besonderhede, kyk bv. M Edmonds en G Mills, **Unchartered waters: a review of South Africa's naval options** (Johannesburg, 1996), pp. 29-51.

ook ondersoek, maar ook dié pogings het op niks uitgeloopt nie.³⁶ Vervolgens is beplan om drie ligte fregatte in Portugal vir die SAV te laat bou, maar op 25 April 1974 het daar 'n staatsgreep in Portugal plaasgevind en die nuwe regering het nie hul weg oopgesien om met die projek voort te gaan nie.³⁷

In 1975 het die RSA vervolgens 'n bestelling vir twee Franse Tige-A69 korvette geplaas. Die skepe is SAS **Good Hope** (F432) en SAS **Transvaal** (F602) genoem - 'n herhaling van "Loch"-klas name en wimpelnommers. Die **Good Hope** is op 17 September 1977 te Lorient in diens gestel, maar nadat slegs een dag (4 November) ter see vir proewe deurgebring is, is die aflewering van beide die vaartuie (asook twee "Agosta"-klas duikbote wat in aanbou was) ooreenkomstig die VN-wapenboikot gekanselleer.³⁸ Die drie "President"-klas fregatte was dus inderdaad die eerste (en vir jare lank die enigste) fregatte wat spesiaal vir die SAV gebou en operasioneel aangewend is. Eers sowat twintig jaar nadat SAS **President Pretorius** aan diens onttrek is, en meer as 40 jaar nadat hy as die laaste nuwe SAV-fregat in Suid-Afrikaanse waters aangekom het, sal die vloot in 2005 en 2006 vier nuwe "Valour"-klas Meko A-200 fregatte in diens stel: SAS **Amatola** (F145), **Isandlwana** (F146), **Spioenkop** (F147) en **Mendi** (F148)³⁹ - spesiaal vir die SAV ontwerp en gebou, met wimpelnommers F145 en F147 'n historiese verbintenis met "PP" en "PS".

Toe Suid-Afrika in 1961 'n republiek geword het, het die land drie fregatte (en twee torpedojaers) gehad (met drie fregatte in aanbou); Brasilië dertien torpedojaers en agt fregatte, en Australië sewe torpedojaers en veertien fregatte (met vier fregatte in aanbou). Toe die SAV sy laaste fregat in 1985 aan diens onttrek het, het Brasilië tien torpedojaers en ses fregatte gehad (met twee fregatte in aanbou) en Australië het drie torpedojaers en tien fregatte gehad (met twee fregatte in aanbou). Vandag (2004) het die SAV steeds geen operasionele fregatte nie (hoewel vier nuwes reeds ontvang is en tans bewapen word). Brasilië het sestien (plus twee in reserwe en een in aanbou) en Australië twaalf (plus twee in aanbou).⁴⁰

Hoe gouer die nuwe fregatte deur die SAV in diens gestel kan word, hoe beter. Sedert die "PP" in 1985 aan diens onttrek is, het die Koue Oorlog geëindig, maar die wêreld het, ironies genoeg, sedertdien 'n veel gevaarliker plek geword. Uit die

³⁶ Du Toit, p. 280; S de Boer, **Van Sharpeville tot Soweto: Nederlands regeringsbeleid ten aanzien van apartheid, 1960-1977** (Den Haag, 1999), pp. 167-75.

³⁷ TD Potgieter, "Another *apartheid* dilemma: corvettes for the South African Navy", **New Contree** 47, September 2000, pp. 90-4; Potgieter, **Scientia Militaria** 30(2), 2000, pp. 179-81.

³⁸ Du Toit, pp. 280-7.

³⁹ SA Vloot Info Bulletin 07/02, 7 Junie 2002.

⁴⁰ RVB Blackman (red.), **Jane's fighting ships 1961-62** (Londen, 1961), pp. 12-5, 21-2; Moore (red.), pp. 22-4, 52-4; S Saunders (red.), **Jane's fighting ships 2004-2005** (Londen, 2004), pp. 25-6, 64-7, 666.

voorafgaande oorsig van die eerste fregat-era het die waarde van fregatte duidelik na vore gekom. Die SAV benodig fregatte om sy posisie as 'n streeksmoonheid te verstewig; om sy kuslyn, territoriale waters **en** eksklusiewe ekonomiese sone (insluitende die sone om Marion- en Prins Edward-eilande) behoorlik te patroleer, om 'n duikbootjagvermoë te hê, en om weer meer sinvol aan gesamentlike vlootmaneuvers deel te neem; om tradisionele grys diplomate (nie bloot gevegsteunvaartuie of klein aanvalsvaartuie nie) op vlagvertoonvaarte oor lang afstande te kan ontplooi (waar die grootte en slaankrag van 'n oorlogskip beslis help om diplomatieke boodskappe oor te dra of te versterk); en om, waar nodig, aan humanitêre noodlenigings-, soek-en-reddings- en ander vredestrydse aksies deel te neem.

In die lig van soveel onopgeloste konflikte in Afrika (en in ander wêrelddele) is daar druk op die RSA om 'n al groter vredesmagrol te speel en in hierdie verband het fregatte beslis ook 'n taak om te volvoer. Weens Suid-Afrika se strategiese ligging kan die land dit nie bekostig om **nie** fregatte te hê nie. In die eerste en laaste instansie is fregatte immers deel van 'n land se weliswaar duur, maar onontbeerlike veiligheids-assuransiepolis om die soewereiniteit van die RSA te help verseker in die vloeibare en onbestendige na-Koue Oorlog-wêreldorde. Tydens die eerste fregat-era was die "President"-klas die belangrikste SAV-skepe; in die toekoms gaan die "Valour"-klas dit word, mits hulle behoorlik in stand gehou, professioneel bedryf en sinvol aangewend word. Hulle gaan hopelik voortbou op die trotse tradisie wat in die jare 1944 tot 1985 daargestel is.